Department of
Education

GOVERNMENT OF
WESTERN AUSTRALIA

Public education
A world of opportunities

English	Afrikaans
Community Consultation Cannington and Maddington area	Gemeenskapsoorleg Cannington- en Maddington-gebied
Public schooling in the Cannington and Maddington area	**Openbare skole in die Cannington- en Maddington-gebied**
The State Government is undertaking community consultation with local parents, students and community members about schooling in the Cannington and Maddington area and possible changes to Cannington Community College, Sevenoaks Senior College, Cannington Community Education Support Centre, and Yule Brook College.	Die WA-regering onderneem tans gemeenskapsoorleg met plaaslike ouers, leerders en gemeenskapslede oor onderwys in die Cannington- en Maddington-gebied, en moontlike veranderinge aan Cannington Community College, Sevenoaks Senior College, Cannington Community Education Support Centre, en Yule Brook College.
The Department of Education's preferred model of secondary schooling is to, where possible, provide students with continuity of learning from Years 7 to 12 within a single school environment.	Die Onderwysdepartement se voorkeur vir sekondêre onderwys is, waar moontlik, om vir leerders vanaf jaar 7 tot jaar 12 kontinüiteit in die onderwys in die een skoolomgewing te verskaf.

At present:	Tans:
• Cannington Community College caters for students in Kindergarten to Year 10. Students then need to enrol at Sevenoaks Senior College or another school for Years 11 and 12. • Sevenoaks Senior College caters for students in Years 11 and 12. The Big Picture Education Australia program is one of a range of programs offered at the College. • The Cannington Community Education Support Centre caters for students in Years 7 to 12 across two sites. Students in Years 7 to 10 attend Cannington Community College and students in Years 11 and 12 attend Sevenoaks Senior College. • Yule Brook College caters for students in Years 7 to 10. The College uses the Big Picture Education Australia program to provide individualised learning plans for students. Students then have the option to continue their learning at Sevenoaks Senior College for Years 11 and 12, either in Big Picture or other secondary courses.	• Cannington Community College verskaf onderwys vir leerders vanaf Kindergarten tot jaar 10. Leerders moet daarna vir jaar 11 en 12 by Sevenoaks Senior College of ’n ander skool inskryf. • Cannington Community College verskaf onderwys vir leerders in jaar 11 en 12. Die Big Picture Education Australia-program is een in ’n reeks programme wat deur die skool aangebied word. • Die Cannington Community Education Support Centre verskaf onderwys vir leerders in jaar 7 tot 12 op twee liggings. Leerders in jaar 7 tot 10 woon Cannington Community College by en leerders in jaar 11 en 12 woon Sevenoaks Senior College by. • Yule Brook College verskaf onderwys vir leerders in jaar 7 tot 10. Die skool gebruik die Die Big Picture Education Australia-program om geïndividualiseerde leerplanne vir leerders te verskaf. Leerders het daarna die opsie om hul onderwys by Sevenoaks Senior College vir jaar 11 en 12 voort te sit, óf in Big Picture óf in sekondêre onderwyskursusse.
There are currently 1691 students between the four schools.	Daar is huidiglik altesaam 1691 leerders by die vier skole.
The current structure of the schools has been a topic of discussion in the community. There are concerns about the requirement for students to change schools during their secondary education.	Die huidige struktuur van die skole is reeds ’n besprekingsonderwerp vir die gemeenskap. Mense is bekommerd oor die die feit dat leerders gedurende hulle sekondêre onderwys van skool moet verander.
There are a number of factors to consider, including:	Verskeie faktore moet oorweeg word, waaronder:
• the number of students enrolled; • resourcing schools to maximise student learning; and • continuity and consistency in learning and student support.	• die getal leerders wat ingeskryf is; • die verskaffing van hulpmiddels om leerders se leerervarings te maksimaliseer; en • kontinüiteit en konsistensie in die leerervaring en in ondersteuning vir leerders.

Local community members are invited to have their say through an online survey, where they can select one of the following options:	Plaaslike gemeenskapslede word uitgenooi om in ’n aanlynopname hulle sê te sê; hierin kan hulle een van die volgende opsies kies:
Option 1	Opsie 1
• Yule Brook College extends to enrol Years 11 and 12 students in the Big Picture Education Australia program only. • Cannington Community College becomes a Kindergarten to Year 6 primary school. • Sevenoaks Senior College extends to Years 7 to 12. • Cannington Community Education Support Centre offers Years 7 to 12 on the Sevenoaks Senior College site.	• Yule Brook College kry ’n uitgebreide program: jaar 11 en 12 leerders kan in die Big Picture Education Australia-program — maar slegs in dié program — inskryf. • Cannington Community College word in ’n Kindergarten tot jaar 6 laerskool verander. • Sevenoaks Senior College is ook vir jaar 7 tot 12 beskikbaar. • Cannington Community Education Support Centre bied jaar 7 tot 12 op die Sevenoaks Senior College-terrein aan.
Option 2	Opsie 2
• Yule Brook College extends to enrol Years 11 and 12 students in the Big Picture program only. • Amalgamate Cannington Community College and Sevenoaks Senior College and offer Kindergarten to Year 12 across two sites. • Cannington Community Education Support Centre offers Years 7 to 12 on one site.	• Yule Brook College kry ’n uitgebreide program: jaar 11 en 12 leerders kan in die Big Picture -program — maar slegs in dié program — inskryf. • Cannington Community College en Sevenoaks Senior College is saamgevoeg en bied Kindergarten tot jaar 12 op die twee terreine aan. • Cannington Community Education Support Centre bied jaar 7 tot 12 op die een terrein.
Q. Is the number of students in a school important?	V. Is die getal leerders in ’n skool belangrik?
A. Schools of all sizes can be successful. As enrolments grow, a school increases its capacity and resource flexibility to offer wider educational opportunities and a broader range of specialised programs for students.	A. Skole van alle groottes kan suksesvol wees. As inskrywings groei, so groei die skool se vermoë en hulpmiddels, en dus sy kapasiteit om breër leergeleenthede en ’n groter verskeidenheid gespesialiseerde programme vir leerders te kan aanbied.

The total enrolments as at Wednesday, 19 August 2020 for each school are:	Die totale getal inskrywings vir elke skool soos op Woensdag 19 Augustus 2020 is:

Skool	**Jare**	**Totale inskrywings**
Cannington Community College	Kindergarten tot jaar 10	761
Sevenoaks Senior College	Jaar 11 en 12	493
Yule Brook College	Jaar 7 tot 10	317
Cannington Community Education Support Centre	Jaar 7 tot 10 op die Cannington Community College-terrein en jaar 11 en 12 op die Sevenoaks Senior College-terrein	120

Q. What is the preferred model of primary schooling?	V. Wat is die voorkeurmodel vir primêronderwys?
A. The preferred model of primary schooling in Western Australian public schools is Kindergarten to Year 6 in one school. Currently, Cannington Community College students go through to Year 10 at their school.	A. Die voorkeurmodel vir primêre onderwys in Wes-Australiese openbare skole is Kindergarten tot jaar 6 by dieselfde skool. Tans kan Cannington Community College-leerders tot jaar 10 in hulle skool bly.
Q. What is the preferred model of secondary schooling?	V. Wat is die voorkeurmodel vir sekondêre onderwys?
A. The preferred model of secondary schooling is to, where possible, provide students with seamless Years 7 to 12 secondary schooling in one school. A secondary school with around 1200 students can provide the necessary breadth and depth of curriculum throughout the secondary school years.	A. Die voorkeurmodel vir sekondêre onderwys is dié wat, waar moontlik, ononderbroke jaar 7 tot 12 sekondêre onderwys in die een skool kan verskaf. ’n Sekondêre skool met rondom 1200 leerders kan ‘n kurrikulum met die nodige omvankrykheid vir al die sekondêre skooljare verskaf
Q. Who will be consulted as part of the community consultation process?	V. Wie sal as deel van die gemeenskapsoorleg raadpleeg word?
A. Parents/carers, students and community members in the Cannington and Maddington area are invited to have their views heard by providing feedback through an online survey. The survey is also available to interest groups, students and other stakeholders.	A. Ouers/versorgers, leerders en gemeenskapslede in die Cannington- en Maddington-gebied word uitgenooi om hul sigpunte mee te deel, deur terugvoering in ’n aanlynopname te gee. Die opname is ook vir belanggroepe, leerders en ander belanghebbendes beskikbaar.

Q. How can I be involved in the consultation process?	V. Hoe kan ek by die oorlegproses betrokke raak?
A. The consultation process will take eight weeks. Initially, you can be involved by providing feedback through a short survey. Your responses are anonymous and will be collated with other responses for analysis. The survey is online at education.wa.edu.au and is open for three weeks from 9.00am on Wednesday 26 August 2020 and will close at 5.00pm on Tuesday 15 September 2020.	A. Die oorlegproses sal agt weke duur. Aanvanklik Kan jy betrokke raak deur jou terugvoering in ’n kort opname te verskaf. Jou antwoorde is anoniem en sal met ander antwoorde vir analise saamgevoeg word. Vind die opname aanlyn by education.wa.edu.au; dis vir drie weke oop, vanaf 9.00vm op Woensdag 26 Augustus 2020 tot Dinsdag 15 September 2020, wanneer dit sal teen 5.00nm sal sluit.
If you do not have access to the internet, you are welcome to visit your local school during school hours for assistance. Please contact your local school to arrange a suitable time.	As jy geen toegang tot die internet het nie, kan jy gerus gedurende skoolure jou plaaslike skool besoek om hulp te verky. Kontak asseblief jou plaaslike skool om ’n toepaslike tyd te reël.
The outcomes of the consultation process will help inform any decisions by the State Government about public schooling in the Cannington and Maddington area.	Die uitkoms van die oorlegproses sal die WA-regering se beslisse oor openbare onderwys in die Cannington- en Maddington-gebied kan beïnvloed
Q. Can I attend a forum?	V. Mag ek ’n forum bywoon?
A. Yes, there are three community forums being held:	A. Ja, drie gemeenskapsforums sal gehou word:
• Sevenoaks Senior College and Cannington Community Education Support Centre school communities - Wednesday 26 August 2020 from 6.00pm to 7.00pm at Sevenoaks Senior College lecture theatre, 275 Sevenoaks Street, Cannington. Register at Sevenoaks.sc.parentinfo@education.wa.edu.au. • Cannington Community College - Tuesday 1 September 2020 from 6.00pm to 7.00pm at Cannington Community College library, 147 Wharf Street, Cannington. Register at Cannington.cc@education.wa.edu.au. • Yule Brook College – Wednesday 2 September 2020 from 6.00pm to 7.00pm at Yule Brook College performing arts theatre, 61 Dellar Road, Maddington. Register at Yulebrook.col@education.wa.edu.au.	• Sevenoaks Senior College- en Cannington Community Education Support Centre-skoolgemeenskappe - Woensdag 26 Augustus 2020 vanaf 6.00nm tot 7.00nm by Sevenoaks Senior College lesingsaal, Sevenoaksstraat 275, Cannington. Skryf in by Sevenoaks.sc.parentinfo@education.wa.edu.au. • Cannington Community College – Dinsdag 1 September 2020 van 6.00nm tot 7.00nm by Cannington Community College-biblioteek, Wharfstraat 147, Cannington. Skryf in by Cannington.cc@education.wa.edu.au. • Yule Brook College – Woensdag 2 September 2020 vanaf 6.00nm tot 7.00nm by Yule Brook College se teater vir uitvoerende kunste, Dellarweg 61, Maddington. Skryf in by Yulebrook.col@education.wa.edu.au.

Physical distancing measures will apply at the community forums.	Fisiese afstandhoudingsmaatreëls sal by die gemeenskapsforums van toepassing wees.
Q. What is being considered in this consultation process?	V. Watter faktore word gedurende hierdie oorlegproses oorweeg?
A. There are a number of factors to consider throughout this process, including the size of schools, number of students enrolled, range of courses and subjects that students can study, and pastoral care programs and support services for students.	A. Gedurende hierdie proses moet verskeie faktore oorweeg word, waaronder skoolgrootte, die getal leerders wat ingeskryf is, die verskeidenheid van kursusse en vakke wat leerders kan onderneem, en pastoralesorgprogramme en ondersteuningsdienste vir leerders.
Q. Will any changes disrupt students already enrolled at the schools?	V. Sal enige van die veranderinge versteurend wees vir die leerders wat reeds by die skole ingeskryf is?
A. High quality education is the main focus in managing any change to public schooling. The Department of Education works closely with school leaders and others whenever changes are made to schools to ensure they do not impact on student learning and wellbeing.	A. Hoë-gehalte onderwys is die hooffokus in die hantering van veranderinge aan openbare onderwys. Die Onderwysdepartment werk saam met skoolleiers en ander mense wanneer veranderinge aan skole aangebring word, om te verseker dat leerders se leerervaring en welsyn nie benadeel word nie.
Q. Will there be any changes to school local-intake areas?	V. Sal skole se plaaslike toevoergebiede op enige wyse verander word?
A. This depends on any decision by the State Government following the consultation process.	A. Dit hang af van enige beslissing deur die WA-regering ná die oorlegproses.
Q. Is funding allocated to implement outcomes of the consultation?	V. Is finansiering toegewys om die uitkoms van die oorlegproses te kan implementeer?
A. Any decision by the State Government about changes to public schooling in the Cannington and Maddington area will need to be properly costed and appropriate funding allocated. This also applies to any building requirements.	A. In verband met beslissings deur die WA-regering oor veranderinge aan openbare onderwys in die Cannington- en Maddington-gebied moet enige koste behoorlik bereken word, en moet toepaslike finansiering toegewys word. Dit geld ook vir enige bouvereistes.

Q. What will happen to the information gathered as part of the consultation process?	V. Hoe sal die inligting gebruik word wat as deel van die oorlegproses insamel is?
A. Outcomes of the consultation process will help inform any decisions by the State Government about public schooling in the Cannington and Maddington area.	A. Die uitkoms van die oorlegproses sal die WA-regering se beslissings oor openbare onderwys in die Cannington- en Maddington-gebied kan beïnvloed.
Q. When will a decision be made?	V. Wanneer sal ’n belsissing geneem word?
A. The Minister for Education and Training will inform the community whe a decision is made.	A. Die Minister for Education and Training sal die gemeenskap inlig wanneer ’n beslissing geneem is.
Additional information added Tuesday 8 September 2020:	*Addisionele inligting wat op Dinsdag 8 September 2020 bygevoeg is:*
Q. Why is there no option for no change?	V. Hoekom is daar geen ‘geen verandering’-opsie nie?
A. The State Government wants to know which of the two options the community would prefer if changes were to be made to schooling in the Cannington and Maddington area, so the option of no change has not been included.	A. Die WA-regering wil weet watter een van die twee opsies die gemeenskap sou verkies, indien onderwys in the Cannington- en Maddington-gebied veranderinge moet ondergaan. Dus is die ‘geen verandering’-opsie nie ingesluit nie.
Q. What is the timeframe for any changes to take place once a decision is made?	V. Hoe lyk die tydraamwerk vir die uitvoering van veranderinge, nadat ’n beslissing geneem is?
A. Should the State Government decide to change schooling in Cannington and Maddington area, a lot of planning would need to be done. This includes any changes to the buildings and establishment of the new schools, including staffing. There is no timeframe as yet.	A. As die WA-regering besluit om veranderinge in onderwys in die Cannington- en Maddington-gebied te maak, sal baie beplanning nodig wees. Dir sluit veranderinge aan geboue en die stigting van nuwe skole, asook die voorsiening van personeel in. Die tydraamwerk is nog nie opgestel nie.

Q. Will staff at any of the schools lose their jobs?	V. Gaan enige personeel in enige van die skole hul werk verloor?
A. All permanent staff are employees of the Department of Education and are guaranteed continuity of employment. All fixed term contracts will be honoured.	A. Alle vaste personeel is werknemers van die Onderwysdepartement en die kontinüiteit van hul indiensneming is gewaarborg. Alle vaste-termyn kontrakte sal vereer word.
Q. Is it possible for a third option which would see Yule Brook College extend to Years 11 and 12, and no changes happen at Cannington Community College, Cannington Community Education Support Centre and Sevenoaks Senior College?	V. Is'n derde opsie moontlik, waar Yule Brook College ook jaar 11 en 12 aanbied, en daar geen veranderinge is vir Cannington Community College, Cannington Community Education Support Centre en Sevenoaks Senior College?
A. That is not one of the options proposed, but if the survey shows that the community would like this option to be considered, the State Government would take that into consideration.	A. Dis nie een van die voorgestelde opsies nie, maar as die gemeenskap in die opname aandui dat dit wenslik is, sal die WA-regering hierdie sigpunt in ag neem.
Q. Will any changes be made to the catchment areas?	V. Sal enige veranderinge aan die skoolopvanggebiede gemaak word?
A. Changes to local intake areas could be made to accommodate the needs of all students.	A. Plaaslike toevoergebiede kan moontlik verander word om die behoeftes van all leerders tegemoet te kom.
Q. What capital works will be required?	V. Watter kapitaalwerke sal nodig wees?
A. The capital works requirements will be determined when the State Government makes a decision about the model of schooling to be implemented.	A. The vereistes vir die kapitaalwerke sal bepaal word wanneer die WA-regering 'n beslissing neem oor watter onderwysmodel uitgevoer sal wees.
Q. One of the benefits of Sevenoaks Senior College is the adult style education. How will that change if Years 7 to 10 are added?	V. 'n Voordeel van Sevenoaks Senior College is sy 'volwasse' onderwysstyl. Hoe sal die situasie verander as jaar 7 tot jaar 10 ook deur die skool aangebied word?
A. All secondary schools recognise the needs of young adult learners and make special provision for them. This includes privileges not available to younger students.	A. Alle sekondêre skole erken die behoeftes van jong-volwasse leerders, en maak spesiale voorsiening daarvoor. Dit sluit voorregte in wat nie vir jonger leerders beskikbaar is nie.

2017 retention data	**2017 data oor skoolretensie**
Yule Brook College	**Yule Brook College**
• 39.3% (22 out of 56) of 2017 Year 10 students from Yule Brook College enrolled in Year 12 at Sevenoaks Senior College. • 14.3% (8 out of 56) of 2017 Year 10 students from Yule Brook College enrolled in Year 12 at public schools other than Sevenoaks Senior College. • 19.6% (11 out of 56) of 2017 Year 10 students from Yule Brook College have no enrolment in a public school after Year 10.	• 39.3% (22 uit 56) van die 2017 jaar 10 leerders van Yule Brook College is in jaar 12 by Sevenoaks Senior College ingeskryf. • 14.3% (8 uit 56) van die 2017 jaar 10 leerders van Yule Brook College is in Year 12 by openbare skole anders as Sevenoaks Senior College ingeskryf. • 19.6% (11 uit 56) van die 2017 jaar 10 leerders van Yule Brook College het geen inskrywing in ’n openbare skool na jaar 10 nie.
Cannington Community College	**Cannington Community College**
• 63.4% (78 out of 123) of 2017 Year 10 students from Cannington Community College enrolled in Year 12 at Sevenoaks Senior College. • 5.7% (7 out of 123) of 2017 Year 10 students from Cannington Community College enrolled in Year 12 at public schools other than Sevenoaks Senior College. • 12.2% (15 out of 123) of 2017 Year 10 students from Cannington Community College have no enrolment in a public school after Year 10.	• 63.4% (78 uit 123) van die 2017 jaar 10 leerders van Cannington Community College is in jaar 12 by Sevenoaks Senior College ingeskryf. • 5.7% (7 uit 123) van die 2017 jaar 10 leerders van Cannington Community College in Year 12 by openbare skole anders as Sevenoaks Senior College ingeskryf. • 12.2% (15 uit 123) van die 2017 jaar 10 leerders van Cannington Community College het geen inskrywing in ’n openbare skool na jaar 10 nie.
Yule Brook College and Cannington Community College	**Yule Brook College en Cannington Community College**
• 55.9% (100 out of 179) of total 2017 Year 10 students from Yule Brook College or Cannington Community College completed Year 12 at Sevenoaks Senior College.	• 55.9% (100 uit 179) van alle 2017 jaar 10 leerders van Yule Brook College of Cannington Community College het jaar 12 by Sevenoaks Senior College voltooi.

2018 retention data	**2018 data oor skoolretensie**
Yule Brook College	**Yule Brook College**
• 45.6% (31 out of 68) of 2018 Year 10 students from Yule Brook College enrolled in Year 12 at Sevenoaks Senior College. • 11.8% (8 out of 68) of 2018 Year 10 students from Yule Brook College enrolled in Year 12 at public schools other than Sevenoaks Senior College. • 14.7% (10 out of 68) of 2018 Year 10 students from Yule Brook College have no enrolment in a public school after Year 10.	• 45.6% (31 uit 68) van die 2018 jaar 10 leerders van Yule Brook College is in jaar 12 by Sevenoaks Senior College ingeskryf. • 11.8% (8 uit 68) van die 2018 jaar 10 leerders van Yule Brook College is in Year 12 by openbare skole anders as Sevenoaks Senior College ingeskryf. • 14.7% (10 uit 68) van die 2018 jaar 10 leerders van Yule Brook College het geen inskrywing in ’n openbare skool na jaar 10 nie.
Cannington Community College	**Cannington Community College**
• 62.7% (74 out of 118) of 2018 Year 10 students from Cannington Community College enrolled in Year 12 at Sevenoaks Senior College. • 11.0% (13 out of 118) of 2018 Year 10 students from Cannington Community College enrolled in Year 12 at public schools other than Sevenoaks Senior College. • 4.2% (5 out of 118) of 2018 Year 10 students from Cannington Community College have no enrolment in a public school after Year 10.	• 62.7% (74 uit 118) van die 2018 jaar 10 leerders van Cannington Community College is in jaar 12 by Sevenoaks Senior College ingeskryf. • 11.0% (13 uit 118) van die 2018 jaar 10 leerders van Cannington Community College is in Year 12 by openbare skole anders as Sevenoaks Senior College ingeskryf. • 4.2% (5 uit 118) van die 2018 jaar 10 leerders van Cannington Community College het geen inskrywing in ’n openbare skool na jaar 10 nie.
Yule Brook College and Cannington Community College	**Yule Brook College en Cannington Community College**
• 56.5% (105 out of 186) of total 2018 Year 10 students from Yule Brook College or Cannington Community College completed Year 12 at Sevenoaks Senior College.	• 56.5% (105 uit 186) van alle 2018 jaar 10 leerders van Yule Brook College of Cannington Community College het jaar 12 by Sevenoaks Senior College voltooi.